

Volkseklaal 25/26 Aug. '03

# Selfversekerdheid gee genot

SIMFONIEKONSERT (Sand) met Vrystaatse Simfonieorkes o.l.v. Christopher Dowdeswell. Solis: Piet Koornhof.

DIE gereelde optredes van die Vrystaatse Simfonieorkes danksy 'n nuwe struktuur werp reeds vrugte af. Die spel is soveel meer selfverseker met die opvallendste verbetering in die horingseksie. Onseker invalle en ritmiese ongelykhede, wat voorheen so dikwels voorgekom het, is Saterdagaand meer beperk.

Die eerste note van *My vaderland (Muj Domov)*, waarmee dié inleidende konsert tot 'n week lange Dvorak-kamermusiekfees begin het, het reeds die nuutgevonde selfvertroue en gevoldglik groter musikale bevrediging vir die gehoor weerspieël. Onder Christopher Dowdeswell se sekure leiding is die volkstrots wat dié werk verklank, duidelik weergegee.

Piet Koornhof is meermale al geloof vir suiwer intonasie en sommer met die intrapslag as solis in die *Violokonsert in A mineur* het hy weer dié vaardigheid bevestig. Daarby het hy die Boheemse sangrykheid en folkloristiese temas stylvol vasgevang –

soms speels wanneer 'n passasie met 'n danskarakter daarom vra, soms met groot intensiteit soos in die tweede beweging en met al die nodige briljansie soos die komponis met die koda van die finale bedoel het.

Die orkes het ondanks enkele ritmiese probleme 'n ondersteunende platform vir Koornhof se fyn musikaliteit verskaf.

Die meeste konsertgangers het seker gewonder waarom die aand nie met die gewilde *Simfonie nr. 9 (Nuwe Wêreld)* afgesluit is nie. Dvorak se *Simfonie nr. 7* het self die antwoord gegee: Minder bekende, maar ewe mooi melodieë vol broeiende onrus en ruisende opbou (eerste deel), angstige energie afgewissel met bekoorlike ligtheid (*scherzo*) en meesleurende majestueuse passasies (finale).

Al dié elemente is met 'n warm orkesklank en goeie spel deur die meeste seksies oorgedra. Ritmiese ongelykhede het weer plek-plek opgeduik, maar lang crescendo's, sensitiewe pianissimo-eindes en 'n ryk fortissimo-klank het 'n oorwoë gevoel van musikale genot verskaf. – **Eldretha Britz**

■ Middagkonserte in die Dvorak-week begin om 13:10, aandkonserte om 19:30 – almal in die Odeion.